
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V3

## NOVEMBER 2023

PUNTE: 80

TYD: 2½ uur

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V3

10033A

X10

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik vir jou beplanning byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.
   - Doen beplanning elke keer VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 75 minute |
| AFDELING B: | 38 minute |
| AFDELING C: | 37 minute |

7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent (VRAAG 1.5, 1.6, 1.7 of 1.8) skryf.

10. Moenie die titel bytel wanneer jy die aantal woorde tel nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die onderwerpe in VRAAG 1.1 tot 1.8.

Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan. By VRAAG 1.5, 1.6, 1.7 OF 1.8 moet jy jou eie TITEL gee.

Jou opstel moet met die prent verband hou.

## VRAAG 1

### 1.1 DAARDIE DAG HET MY SELFOON MY GEHELP

Daar het eendag iets sleg (*something bad*) met jou gebeur en jy het jou selfoon gebruik om hulp te kry.

Skryf 'n **opstel** en vertel wat gebeur het en hoe jou selfoon jou gehelp het.

Dink aan die volgende:

- Wat het gebeur?
- Waar en wanneer het dit gebeur?
- Hoe het dit gebeur?
- Hoe het jou selfoon jou gehelp? **[40]**

### 1.2 EK HET GEWEN!

Jy het aan 'n TikTok-kompetisie deelgeneem en gewen.

Skryf 'n **opstel** en vertel van die kompetisie en wat jy gewen het.

Dink aan die volgende:

- Wat het jy in die kompetisie gedoen?
- Watter prys het jy gewen?
- Waarom, dink jy, het jý gewen?
- Hoe het die kompetisie en die prys jou lewe beter gemaak? **[40]**

### 1.3 EK HET GOEIE VRIENDE

Jy het goeie vriende.

Skryf 'n **opstel** en vertel van jou goeie vriende.

Dink aan die volgende:

- Wie is jou vriende?
- Hoe lank is julle al vriende?
- Wat doen jy en jou vriende saam?
- Waarom is julle goeie vriende? **[40]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.4 **EK HET GELEER OM NIE TE LIEG NIE**


Dit is nie altyd maklik om die waarheid te praat (*to tell the truth*) nie, veral as jy in die moeilikheid kan kom.

Skryf 'n **opstel** en vertel hoe jy geleer het dat 'n mens nie moet lieg (*lie*) nie.

Dink aan die volgende:

- Waaroor het jy gelieg?
- Waar en wanneer het jy gelieg?
- Wat het gebeur na jy gelieg het?
- Waarom is dit 'n goeie les wat jy geleer het? **[40]**

1.5



[Uit: Shutterstock.com] **[40]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




1.6



[Uit: google images.com] **[40]**

1.7



[Uit: iStock.com] **[40]**




SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.8




[Uit: vectorstock.com] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2.

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy beplan 'n vakansie na die eksamen. Jy wil hê jou maat moet lekker dinge saam met jou doen.

Skryf 'n **vriendskaplike brief** aan jou maat. Nooi jou maat uit om vir 'n paar dae in die vakansie by jou te kom kuier. Vertel vir jou maat watter planne jy het.

Dink aan die volgende:

- Wanneer kan die maat vir jou kom kuier?
- Wat is jou planne vir die vakansie?
- Waarom sal dit vir jou lekker wees as jou maat kom kuier? **[20]**

### 2.2 FORMELE BRIEF

Die skoolhoof en onderwysers het julle klas baie gehelp sodat almal matriek kon slaag.

Skryf 'n **formele brief** aan die skoolhoof. Sê vir hom/haar en die onderwysers dankie vir alles wat hulle vir julle matriekklas gedoen het.

Gebruik die volgende adres:

Die Skoolhoof
Hoërskool Voorspoed
Posbus 190
Johannesburg
0001

Dink aan die volgende:

- Wat is die doel van die brief?
- Wat het die skoolhoof en onderwysers gedoen om julle te help?
- Wat kan jy sê om die hoof en onderwysers te motiveer (*motivate*) om aan te hou om leerders te help? **[20]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## 2.3 DIALOOG

Jy het 'n pizza by Perfect Pizza gekoop. Terwyl jy die pizza geëet het, het jy 'n stuk plastiek raakgebyt. Jy het teruggegaan Perfect Pizza toe om by die bestuurder hieroor te kla.

Skryf die **gesprek** tussen jou en die bestuurder van Perfect Pizza neer.

Begin die gesprek só:

| | |
|---|---|
| Ek: | Goeiemôre, Meneer. Ek wil graag met die bestuurder praat. |
| Bestuurder: | Môre. Ek ís die bestuurder. Wat kan ek vir jou doen? |
| Ek: | ... |
| Bestuurder: | ... |

**LET WEL:** Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

## 2.4 TOESPRAAK

Daar het die afgelope drie jaar baie dinge in julle familie gebeur. Party dinge was goed en ander dinge was nie so goed vir julle nie.

Julle hou 'n groot familiebyeenkoms (*family gathering*). Jy moet 'n toespraak lewer om die familie moed in te praat (*to encourage*) vir die toekoms.

Skryf die **toespraak**.

Dink aan die volgende:

- Wat is die rede vir jou toespraak?
- Watter goeie en slegte dinge het gebeur?
- Wat is jou goeie wense vir die familie se toekoms? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

## VRAAG 3

### 3.1 ADVERTENSIE

Jy het 'n spaza-winkel by jou huis begin.

Skryf 'n **advertensie** om jou spaza-winkel te adverteer.

Dink aan die volgende:

- Waar is die spaza-winkel en wat verkoop jy alles?
- Wanneer gaan die spaza-winkel oop wees?
- Wie is die kontakpersoon en wat is sy/haar kontakbesonderhede?

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versiering NIE. **[20]**

### 3.2 KORT TEKSBOODSKAP (*WhatsApp*)

Jou maat was nie by die skool nie, want sy was siek. Sy het jou gevra om vir haar 'n *WhatsApp*-boodskap te stuur oor die huiswerk wat julle moet doen.

Skryf 'n ***WhatsApp*-boodskap** vir jou maat.

Dink aan die volgende:

- Vra vir jou maat hoe dit met haar gaan.
- Watter huiswerk moet julle alles doen?
- Stuur goeie wense vir jou maat.

**LET WEL:** Jy mag nie sleng of sms-taal gebruik nie. **[20]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

'n Nuwe onderwyser by die skool moet 'n siek kind kliniek toe vat. Verduidelik vir die onderwyser hoe om van die skool af tot by die kliniek te kom.


Volg die pyltjies op die roetekaart hieronder.

Gebruik straatname, bakens en woorde wat rigting aandui.

Skryf die **rigtingaanwysings** puntsgewys neer.

Begin só:

1. Gaan by die skoolhek uit en draai links in Alwynstraat.
2. …
3. …




**LET WEL:**
*mall*: winkelsentrum

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**



SA EXAM PAPERS